

#RSABUDGET2023

'n Gesamentlike publikasie van die Nasionale Tesourie en die Suid-Afrikaanse Inkomstediens

#RSA Budget

#RSABudget2023

WAT IS DIE BEGROTING?

HOE WORD DIE BEGROTING OPGESTEL?

Jaarliks, gedurende Februarie, maak die Minister van Finansies die Nasionale Begroting bekend vir die regering se uitgawe-, belasting-, en leningsplanne vir die volgende drie jaar. Die Nasionale Begroting verdeel geld tussen nasionale departemente, provinsies en munisipaliteite.

1. Departemente riglyne, met begrotingsinligtingvereistes, word uitgereik
2. Departemente prioriseer hulle programme, stel bestedingsplanne en verbintenisse tot dienslewering op
3. Begrotingsvoorstelle word by die Tesourie ingedien en oorweeg
4. Interdepartemente komitees van Direkteurs-generaal oorweeg toekenningsvoorstelle
5. Aanbevelings word aan die Ministersbegrotingskomitee gemaak
6. Die Mediumtermyn Begrotingsbeleidsverklaring gee 'n aanduiding van die komende begroting
7. Finale toekennings word deur die Kabinet gemaak
8. Begrotingsdokumente word voorberei
9. Hoofbegroting word ter Tafel gelê
10. Parlement debatteer en aanvaar die Begroting
11. Stuur na die President vir ondertekening om dit 'n Wet te maak



MR. ENOCH GODONGWANA – MINISTER VAN FINANSIES

NAVIGEER DEUR'N ONGELYKE EKONOMIESE HERSTEL

Lande wêreldwyd ondervind 'n negatiewe kombinasie van hoë inflasie en lae groei. Groei in die Suid-Afrikaanse ekonomie sal na verwagting verlangsaam weens die strawwe elektrisiteit-onderbrekings, die wêreld se grootste ekonomiese wat swakker vaar en die knaende hoër inflasie.

Die verbetering in die prys van edel metale wat ekonomiese groei en belastinginkomste oor die afgelope twee jaar gesteun het, kom tot 'n einde. Daar is groot druk op huishoudings weens stygende lewenskoste. Belasting-invordering sal na verwagting minder wees en die regering-uitgawes sal beter beplan moet word terwyl maatreëls vir ekonomiese groei stukrag kry.

Die regering reageer op hierdie toestande met bestendige en

gebalanseerde beleid en maatreëls om opkomende fiskale risiko's aan te spreek. Die 2023 Begroting verlaag die gekonsolideerde begrotingstekort tot sy laagstevlak sedert 2017/18 en beskerm openbare finansies. Hierdie maatreëls voorkom die stelselmatige opbou van risiko's in die finansiële stelsel, beskerm die waarde van besparings en bou beleggersvertroue.

Die Suid-Afrikaanse ekonomie het met 4.9 persent in 2021 gegroeи. Die ekonomiese groei vooruitsigte vir 2022 is opwaarts aangepas vanaf 1.9 persent na 2.5 persent vanaf die 2022 Mediumtermyn Begrotingsbeleid-verklaring (MTBBV). Die verwagting vir 2023 word egter afwaarts tot 0.9 persent aangepas in vergeleke met die 1.4 persent van die 2022 MTBBV. Groei in 2025 sal tot 1.8 persent herstel. Hierdie groeikoerse is

veel laer as wat benodig word om werk te skep en armoede uit te roei.

In hierdie verband, beoog die regering om ekonomiese groei deur drie pilare aan te help. Eerstens om te sorg vir 'n duidelike en stabiele makro-ekonomiese raamwerk, tweedens die implementering van sleutel-hervormings, veral in energie en vervoer, en derdens verbeterde regeringskapasiteit.

In die afgelope jaar, is gevestigde energieregulasies verslap, wat munisipaliteite en besighede die vryheid gee om krag op te wek en alternatiewe oplossings te implementeer. Die regering sal R254 miljard van Eskom se skuldverpligtinge oor die mediumtermyn oorneem om druk op die finansiële posisie te verlig, meer instandhouding-uitgawes te befonds en die oorgang na hernubare

energie bronse te ondersteun.

Oor die volgende drie jaar sal die regering R7.08 triljoen spandeer, hoofsaaklik op maatreëls om langtermyn groei te ondersteun en die effek van 'n swak ekonomiese groei op armes en kwesbares te absorbeer. Buiten die verlenging van die COVID-19 maatskaplike verligtingstoelaag met een jaar, word bykomende voorkeur toekennings aan onderwys, veiligheid en sekuriteit en infrastruktuur-verwante uitgawes gemaak.

Hierdie begroting navigeer deur ongelyke wêreldwye en plaaslike ekonomiese vooruitsigte, deur duidelike beleid vir verbeterde ekonomiese groei, stygende lewenskoste aan te spreek en maatreëls om die strawwe krag-onderbrekings aan te spreek.



OPPAD NA VERHOOGDE EKONOMIESE GROEI

Economiese groei het die afgelope dekade weens strukturele ekonomiese beperkinge, afgeneem. Dit sluit die aanhoudende onbeplande kragvoorsiening-onderbrekings in wat sedert verlede jaar toegeneem het, wat die beskikbaarheid van energie aan die hele ekonomie verlaag het.

Om groter ekonomiese groei te ontsluit, beoog die regering om

deurslaggewende ekonomiese hervormings te implementeer, hoofsaaklik in die energiesektor. Hervormings gemik op die stabilisering van die elektrisiteitvoorsiening is versterk deur ingrypings deur die Nasionale Energie Krisiskomitee. Die Komitee beoog om oor die korttermyn die intensiteit van kragonderbrekings te verlaag deur kern-uitdagings by kragstasies aan te spreek, die las van kragopwekking te verminder, en deur die sentralisering

van die regulatoriese en goedkeuringsproses vir nuwe energie projekte. Eskom het ooreenkoms met die privaat sektor aangegaan om 2 000 megawatts addisionele krag op te wek. Oor die langtermyn is die doel om 'n balans te verkry tussen energiesekerheid, effektiwiteit en koste. Hervorming van die elektrisiteitsektor sal Eskom se volhoubaarheid verseker en mededinging in die mark aanmoedig om meer kapasiteit tot die netwerk by te voeg.

2023 BEGROTINGS HOOGTEPUNTE

1. Belastings bly die regering se hoof bron van inkomste, gevolg deur lenings.
2. Maatskaplike lone, wat gemeenskapsontwikkeling, indiensnemingsprogramme, gesondheid, onderwys en maatskaplike ontwikkeling insluit, is die regering se grootste uitgawes.
3. Maatskaplike toelaes sal inlyn met VPI-inflasie verhoog. Die R350-toelae sal tot 31 Maart 2024 voortduur.
4. Ongeag die lae groei-voortsig van 0,9 persent, is die regering tot ekonomiese en maatskaplike ontwikkeling verbind.
5. Die regering neem R254 miljard van Eskom se skuldverpligtinge oor as deel van breër energiesektor-hervormings.
6. Rente-betalings styg steeds, wat uitgawe aan noodsaklike openbare dienste, soos gesondheid en basiese onderwys, ontnem.

SIEN VOLGENDE BLADSY



INFRASTUKTUUR-UITGAWE VIR BELEGGING EN GROEI

Die ekonomiese herstelplan wat in Oktober 2020 aangekondig is, verbind infrastruktuurbelegging en verwante institusionele hervormings om hoër ekonomiese groei te ondersteun.

Die regering werk aan verskeie hervormings om die bestuur van openbare infrastruktuur te versterk. Baie hiervan behels die samevoeging van bronse met die private sektor in gemengde finansiële inisiatiewe om infrastruktuur projekte te finansier en meer effektief te

implementeer.

Vir verbeterde ekonomiese groei en verlaagde werkloosheid en armoede, moet kapitale belegging, wat 13,1 persent van die BBP in 2021 was, skerp verhoog. Oor die afgelope dekade het swak groei, groeiende uitgawedruk en die finansiële ondersteuning aan staatsmaatskappye die regering se vermoë om in nuwe infrastruktuur te belê, verminder. Privaatsektor beleggings het ook weens verskeie redes gekrimp. Die resultaat – 'n afname in totale kapitaalbelegging,

Openbare sektor infrastruktuurbelegging oor die volgende drie jaar word op R903 miljard beraam. Staatsmaatskappye bly die grootste bydraer tot openbare sektor kapitaalbelegging, met 'n spandering van R302,1 miljard oor dié tydperk. Daar word verwag dat provinsies en munisipaliteite onderskeidelik R209,8 miljard en R190,3 miljard aan infrastruktuur oor dieselfde tydperk sal bestee.

Openbare behuising wat deur middel van die menslike nedersetting ontwikkelingstoekenning in provinsies gebou is, sal na verwagting R45,9 miljard oor die volgende drie jaar bedra. Alhoewel hierdie bates aan huiseienaars oorgedra word, is dit 'n noemenswaardige regeringsbydrae tot die geboude omgewing. Uitgawes aan ekonomiese infrastruktuur, hoofsaaklik deur staatsmaatskappye, bedra 78,3 persent van die mediumtermyn beraming. Hierdie fondse word gebruik om krag-opwekkingsvermoë uit te brei, opgradering en uitbreiding van die vervoernetwerk, en verbetering van sanitasie- en waterdienste. Maatskaplike dienste infrastruktuur bedra 17,6 persent van die totaal, waarvan gesondheid en onderwys onderskeidelik 5 persent en 7 persent bedra.

WERKSKEPPING

Die presidensiële indiensnemings-inisiatief het meer as een miljoen korttermyn werke oor die afgelope twee jaar geskep.

Die volgende groep van 255 000 jong mense sal as skool-assistente by meer as 22 000 skole vanaf 1 Februarie 2023 ingeneem word. Die Maatskaplike Indiensnemingsfonds verskaf werk aan 47 408 deelnemers by 26 vennote, en 50 000 werke sal bygevoeg word. Meer as 45 000 deelnemers het ingeskryf in jeugdiensplasings, as deel van hierdie inisiatief.




1 STAATSBRONNE VAN INKOMSTE IN 2023/24



R1 787.5milj	84.2%	BELASTING
R283.7milj	13.4%	LENINGS
R51.6milj	2.4%	NIE-BELASTING INKOMSTE

2 REGERINGSUITGAWES IN 2023/24



R378.5milj	16.9%	MAATSAPLIEKE ONTWIKKELING
R340.5milj	15.2%	SKULD-DIENSKOSTE
R309.5milj	13.8%	BASIESE ONDERWYS
R259.7milj	11.6%	GESONDHEID
R259.2milj	11.6%	GEMEENSKAPS-ONTWIKKELING
R237.6milj	10.6%	EKONOMIESE ONTWIKKELING
R227.3milj	10.1%	VEILIGHEID EN SEKURITEIT
R135.6milj	6.0%	NASKOOLSE ONDERWYS EN OPLEIDING


3 MAATSAPLIEKE TOELAES

		2022/23	2023/24
	STAAT OUDERDOMSTOELAAG	R1 985	R2 085
	STAAT OUDERDOMSTOELAAG OUER AS 75	R2 005	R2 105
	OORLOGSVETERANE TOELAAG	R2 005	R2 105
	ONGESIKTHEIDSTOELAAG	R1 985	R2 085
	PLEEGSORGTOELAAG	R1 070	R1 125
	SORGAFHANKLIKHEIDSTOELAAG	R1 985	R2 085
	KINDERONDERHOUDSTOELAAG	R480	R505
	HULPTOELAE	R480	R505



19.6 miljoen

mense wat maatskaplike toelaes teen Maart 2026 sal ontvang



R36 miljard

word aan COVID-19 maatskaplike verligtings-toelaag toegewys om **R350 per maand** aan begunstigdes te voorsien

Die Begroting sal die waardes van permanente toelaes inlyn met inflasie laat toeneem.

4 DIE BEGROTING STEUN EKONOMIESE GROEI EN MAATSAPLIEKE ONTWIKKELING



0.9 persent

werklike BBP-groei word in 2023 verwag, voordat dit tot 1.8 persent in 2025 sal verbeter



R3.60 triljoen

word toegewys vir gemeenskaps-ontwikkeling, indiensnemingsprogramme, gesondheid, onderwys en maatskaplike beskerming oor die volgende 3 jaar



R809.4 miljard

word toegewys vir die voorsiening van en gelyke toegang tot gesondheid-sorgdienste oor die volgende 3 jaar.



R825.8 miljard

word toegewys vir basiese dienste, behuising en openbare vervoer, ruimte-verandering en stedelike ontwikkeling oor die volgende 3 jaar.



R2.8 miljard

word toegewys aan die Dorp- en Landelike Ondernemersfonds om 120 000 dorp- en landelike ondernemings te ondersteun.

5 ESKOM SE SKULDVERLIGTINGSPROGRAM




R254 miljard

sal van die Eskom na die regering se balansstaat oorgedra word om die finansiële druk op die nutsmaatskappy te verlig

6 REGERING NIE-RENTE EN RENTEBETALINGS AS DEEL VAN TOTALE UITGAWES

Nie-rente spander* Rente betaling



2023 BELASTING-VOORSTELLE



PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING

HOE BEÏNVLOED DIE VERANDERING IN PERSOONLIKE INKOMSTEBELASTING JOU?

Die 2023 Begroting bied belastingverligting deur die persoonlike inkomste belastingvlakke en -kortings aan te pas wat inlyn is met die verwagte inflasiekoers van 4,9 persent. Die bedrag wat 'n individu kan verdien voordat belasting betaalbaar is, word soos volg vir die belastingjaar van 1 Maart 2023 tot 29 Februarie 2024 aangepas:

BELASTINGDREMPELS	BELASTINGJAAR: 2022/23	BELASTINGJAAR: 2023/24
Onder die ouderdom van 65	R91 250	R95 750
Ouderdom 65 tot 74	R141 250	R148 217
Ouderdom 75 en ouer	R157 900	R165 689

Hierdie drempels is die gevolg van nuwe belastingkortings:

BELASTINGKORTINGS	BELASTINGJAAR: 2022/23	BELASTINGJAAR: 2023/24
Primêr (alle individue)	R16 425	R17 235
Sekondêr (ouderdom 65 en ouer)	R9 000	R9 444
Tertiêr (ouderdom 75 en ouer)	R2 997	R3 145

SONDE BELASTING

TOENAME IN BELASTING OP ALKOHOL EN TABAK

Spesifieke aksynsbelasting op alkoholiese drankprodukte en tabakprodukte sal met 4,9 persent verhoog.

	VERHOOG MET:
Moutbier	10c per 340ml blikkie
Ongefortifiseerde wyn	18c per 750ml bottel
Gefortifiseerde wyn	31c per 750ml bottel
Vonkelwyn	9c per 750ml bottel
Appelbier en alkoholiese vrugte drankies	10c per 340ml blikkie
Sterk drank	R3.90 per 750ml bottel
Sigarette	98c per pakkie van 20
Verhitte tabakstokkies	73c per pakkie van 20
Sigaret tabak	R1.10 per 50g
Pyp tabak	33c per 25g
Sigare	R5.47 per 23g

BELASTINGKOERSE

INKOMSTEBELASTING: AFTREEFONDS EEN BEDRAG VOORDELE

Die koerstabel wat vanaf 1 Maart 2023 van toepassing is, is soos volg:

Belasbare Inkomste (R)	Belastingkoers (R)
R0 - R550 000	0% van belasbare inkomste
R550 001 - R770 000	18% van belasbare inkomste hoër as R550 000
R770 001 - R1 155 000	R39 600 + 27% van belasbare inkomste hoër as R770 000
R1 155 001 en hoér	R143 550 + 36% van belasbare inkomste hoér as R1 155 000

Bron: National Treasury

INKOMSTEBELASTING: AFTREEFONDS EEN BEDRAG ONTREKKINGVOORDELE

Die koerstabel wat vanaf 1 Maart 2023 van toepassing is, is soos volg:

Belasbare Inkomste (R)	Belastingkoers (R)
R0 - R27 500	0% van belasbare inkomste
R27 501 - R726 000	18% van belasbare inkomste hoér as R27 500
R726 001 - R1 089 000	R125 730 + 27% van belasbare inkomste hoér as R726 000
R1 089 001 en hoér	R223 740 + 36% van belasbare inkomste hoér as R1 089 000

Bron: National Treasury

HEREREGETE

Die regtekoerstabel word met ingang van 1 Maart 2023 aangepas. Die eerste R1,1 miljoen van die waarde van die eiendom wat verkry word, is vrygestel van hereregte. Die nuwe koerstabel is soos volg:

Eiendomswaarde (R)	Belastingkoers (R)
R0 - R1 100 000	0% van eiendomswaarde
R1 100 001 - R1 512 500	3% van eiendomswaarde bo R1 100 000
R1 512 501 - R2 117 500	R12 375 + 6% van eiendomswaarde bo R1 512 500
R2 117 501 - R2 722 500	R48 675 + 8% van eiendomswaarde bo R2 117 500
R2 722 501 - R12 100 000	R97 075 + 11% van eiendomswaarde bo R2 722 500
R12 100 001 en hoér	R1 128 600 + 13% van eiendomswaarde bo R12 100 000

Bron: National Treasury

Scan this QR code
for the PDF version of
this People's Guide
to the Budget



JOU
MENING
MAAK SAAK

HET JY DIE PUBLIEK SE GIDS TOT DIE BEGROTING NUTTIG GEVIND?

Ons is deurenryd op die uitkyk vir nuwe maniere om hierdie gids te verbeter en sal dit waardeer indien jy jou terugvoer en voorstelle aan Media@treasury.gov.za kan stuur